



**KONGRES 2013**

**“Groei saam”**

**18 September 2013**

**Presidentsrede**

**Mnr. Louis Meintjes – President**

---

## **Werk Saam**

Suid-Afrika is 'n land met 'n onstuimige geskiedenis, veral gedurende die tydperk vanaf 1800 tot min of meer Uniewording in 1910.

Die verhouding tussen die verkillende rolspelers in Suid-Afrika het nie 'n eenvormige patroon gedurende daardie tydperk gehad nie: daar was konflik tussen die nedersetters aan die Kaap en die destydse Hottentotte; daar was oorloë met die Xhosas aan die Oosgrens; daar was meerdere male konflik tussen die Boere en die Engelse, eers aan die Kaap wat lei tot die Groot Trek, wat later uitloop op twee vryheidsoorloë, waartydens duisende Boere gesneuwel het en ongeveer 30 000 van hulle vroue en kinders vermoor is in die Engelse helkampe; daar was selfs 'n Rebelle, waar Afrikaners na mekaar geloer het deur die visiere van hulle gewere.

Daar was ook die konflik van swart volkere onder mekaar: Nguni's moor Suid-Sotho gemeenskappe uit; Matabeles vermoor Tswanas, Silkaats verdryf die Matabeles, Nguni's val Tlokwas aan; Dingaan voer oorlog teen die Khumalo Ndebeles.

Zoeloes vermoor 'n hele laer van die Voortrekkers en uiteindelik word Dingaan verslaan. Toe die Boere 'n goeie verhouding met die Zoeloes opbou, voer die Engelse weer oorlog teen die Zoeloes.

Uiteindelik kry die Britse imperialisme die oorhand na hulle verskroeiende aarde beleid en is dit ook hulle wat die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit deurvoer.

Tog is dié wet juis daarop gebaseer om Naturellegrond (grond wat aan Swartmense behoort), te beskerm, dat hulle eienaars daarvan kan bly.

Die indruk wat tans deur die regering en die regerende party geskep word, nl. dat die 1913-wet juis die teenoorgestelde ten doel gehad het, is dus 'n miskennis van 'n goed gedokumenteerde geskiedkundige feit. Helaas laat die ANC nie toe dat historiese feite inmeng met sy ideologies gedrewe standpunte en uitsprake nie. Hoe hulle nou die geskiedenis wil herskryf, op grond van hulle eie saamgestelde hoorsê, sodat hulle deeglik nagevorste en goed gedokumenteerde historici verkeerd kan bewys, gaan dalk nog sorg vir talle komiese oomblikke, soos onlangs toe 'n ANC-raadslid in Pretoria beweer het dat Jan van Riebeeck Pretoria se naam die eerste keer verander het!

Die ANC wil sogenaamde onregte van die verlede herstel. Daarvoor word “affirmative action” ingestel, Swart Ekonomiese Bevoordeling (SEB) afgedwing en word sogenaamde grondhervorming toegepas. Die minerale moet nou herverdeel word en die jongste is dat die toedeling van water nou op 'n rasse basis moet geskied.

Behalwe dat dit opsigself verstommend is dat 'n meerderheid homself deur wetgewing en ander maatreëls moet beskerm teen 'n minderheid, is hy besig om al hierdie maatreëls te tref op 'n wit-swart skeidingslyn. Soos ek in die begin aangetoon het, was Suid-Afrika se geskiedenis nie 'n simplistiese

konflik tussen swart en wit nie. Daar was meer konflik tussen swart en swart, en wit en wit, as wat daar tussen wit en swart was. Bowendien was daar 'n groot verskil tussen Boer en Brit as na die blanke bevolking gekyk word. Die ANC skep nou 'n rasseverdeling wat nooit in die land se geskiedenis in hierdie dimensie bestaan het nie!

Ons, as verantwoordelike landbou-organisasie, staan by die goed gedokumenteerde weergawe van die geskiedenis, dat ons en ons voorouers nie die grond gesteel het waarop ons nou boer, soos wat die ANC graag wil beweer nie. Hulle hoorsê-bewerings in dié verband het nog geen enkele geloofwaardige punt waarop dit kan staan nie en daarom weier ons om skuldig te voel omdat ons grondeienaars is, wat daardie grond bowendien gebruik tot voordeel van die hele land en sy mense, om vir elkeen daagliks voedsel op die tafel te plaas!

Ons vra weer waarom dit nodig is dat 'n meerderheid hom teen 'n minderheid moet beskerm? Dan ontstaan daar 'n vermoede dat dit waarskynlik is om die aandag van hulle eie vermoë tot doeltreffende regering en dienslewering te verberg, deur telkens 'n vyand te soek om hulleself agter te verberg. Sou die ANC nog enige bestaansrede hê as hy nie telkens 'n vyand sou voorhou nie? Ons kan met reg vra of die land nog enigsins 'n ANC-regering kan bekostig?

Na 1994 is die Waarheid- en Versoeningskommissie in die lewe geroep, sogenaamd om die onregte van die verlede te openbaar en om versoening te bewerkstelling.

Wêreldwyd is daar 'n neiging dat volke en gemeenskappe mekaar om verskoning vra vir gewaande onregte teen hulle gepleeg. Helaas is dit so dat die Afrikaner, waarvan ons boere se oorgrote meerderheid deel is, nog nooit enige verskoning ontvang het van die onregte teen hom gepleeg deur die geskiedenis nie, want ook ons mense het swaar en seergekry in hierdie land deur die onbehoorlike toedoen van andere. Ons wag nog vir 'n verskoning van Engeland en andere vir die onregte wat hulle teen ons gepleeg het!

Lukas 8 sê as jy jou hand aan die ploeg slaan moet jy nie agtertoe kyk nie. Jy moet vorentoe kyk dan sal jy geseënd wees. Sonder om te vergeet wat gebeur het, moet ons vorentoe kyk en beweeg en nie aan die verlede bly vaskleef nie. Dié beginsel geld vir almal in die land, trouens, vir almal in die wêreld. Ons lewe in 'n tyd van tegnologie, waar daar nie verwag kan word om ons terug te neem na omstandighede van meer as 'n eeu gelede nie, wat die ANC nou wil doen deur ons terug te neem na tye voor 1913.

### **Wat is dan die oplossing?**

Ons sal die realiteit van die Afrika konteks ook vir Suid-Afrika moet aanvaar.

Ons sal die realiteit van 'n onbevoegde ANC-regering, wat al byna 20 jaar in die stoel is en veroorsaak dat die land agteruitgaan, moet besef en daaromheen beplan vir ons oorlewing en vooruitgang.

In ons beplanning moet ons kennis neem van die gebeure en realiteite:

- Volgende jaar is dit verkiesingstyd. Emosies word opgejaag en onhaalbare verwagtings word geskep.
- Internasionale gebeure het as gevolg van globalisering 'n geweldige invloed, ook op ons. Ons sal daarvan moet kennis neem op deurlopende basis.
- Daar moet besef word dat die ANC die Regering vorm en dat daar gevolglik geen onderskeid tussen hulle te tref is nie. As daar gepraat word van swak dienslewering deur die regering, impliseer dit dat die ANC 'n party is wat geen dienste kan lewer nie.

## Wat is die bedreigings?

Die grootste bedreiging is gewis die ANC en Regering se rasbeheptheid. Die blanke en in besonder die blanke boer, word nou gebrandmerk as die oorsaak van alles wat volgens hulle verkeerd gedoen is, sonder inagneming van die historiese realiteite wat ek reg aan die begin genoem het.

'n Leserskommentaar in 'n Britse koerant van 4 Maart 2013 som die saak heel korrek as volg op:

*“South Africa is the only country in the world where affirmative action is in the favour of the majority who has complete political control. The fact that the political majority requires affirmative action to protect them against a 9% minority group is testament to a complete failure on their part to build their own wealth making structures such that their only solution is to take it from others.*

*The name for this system is an **Ineptocracy**: That is a system of government where the least capable to lead are elected by the least capable of producing and where the members of society least likely to sustain themselves or succeed, are rewarded with goods and services paid for by the confiscated wealth of a diminishing number of producers”*

Van die grootste realiteite waarmee landbou in Suid-Afrika vandag te doen het, is 'n kombinasie van politieke en ekonomiese bedreigings, waar dit soms moeilik is om te bepaal watter een die swaarste weeg.

Dit is die land wat vir ons landbouers deur die regering geploeg word en dit sluit in:

1. ANC-regering beleid en wetgewing
  - a. NDR en Freedom Charter
  - b. Konstruktiewe nasionalisering deur 'n boeket van wetgewing
  - c. Grondhervorming wat die ANC se geelwortel is vir 2014 en opvolgende verkiesings
  - d. Nuwe ESTA wetgewing en grondeienaarskap met aandeelhouding
  - e. Waterbesoedeling
  - f. Behoefte aan kleinboer ontwikkeling wat nie noodwendig negatief is nie.
  - g. Swart ekonomiese bemagtiging
  - h. Korrupsie: korrupsie is nie net 'n Regeringsprobleem nie. Dit is ook 'n sosiale- of besighedsprobleem. As besighede nie omkoopgeld aanbied vir regeringsamptenare vir tenders nie, sal daar nie omkoperie kan plaasvind nie. Die probleem lê onder andere by die etiek van ons besighede.
2. Globalisering en wêreld gebeure
3. Ekonomiese realiteite
  - a. Ekonomie van skaal
  - b. Koste knyptang
  - c. Arbeidsonrus
  - d. Voedsel tekorte
  - e. Vraag na ons boere
  - f. Invoere van voedsel
    - i. Hoenders uit Brasilië
    - ii. Beesvleis uit Botswana en Namibië
  - g. Kettingwinkel groepe: hulle is waarskynlik minder van 'n bedreiging, maar moet saam met landbou besin oor hoe om die voordeel van voedsel vir almal te ervaar. Hulle is uiteindelik net so afhanklik van landbou as landbou self.

## Geleenthere:

Ten spyte van al hierdie moontlike bedreigings wat vir landbou lê en loer, is TLU SA steeds positief oor die toekoms. Alles in ag genome is landbou steeds vandag en sal dit veral vir die toekoms, die beste belegging wees wat jy kan maak. As jy vandag die eienaar van 'n plaas is wat in produksie is, sit jy met die beste bate wat daar op aarde is. Dit is belangrik om te hou wat jy het. Moenie jou grond verkoop nie en waar moontlik, brei selfs uit, hetsy binnelands of buitelands.

Daarom moet ons planne maak sodat ons saam die voorspoed kan ervaar. Almal wat betrokke is in die voedselketting het belang hierby en daarom is dit ook uiters noodsaaklik dat hulle hande vat met landbou tot die hele land se voordeel. Ons sal in dié verband moet fokus op volhoubaarheid en winsgewendheid van landbou.

Hoekom glo ek dat Landbou die beste belegging vir die toekoms sal wees?

Dit is baie eenvoudig,

Die bevolking van die wêreld word eksponensieel meer, beskikbare landbougrond word minder en die mense wat dit kan bewerk word ook minder.

Ons praat van onder andere die volgende geleenthere:

1. Vraag na voedsel as gevolg van die verstedelikingsproses neem toe
2. Minder boere skeep geleenthere vir hoër winste
3. Onbenutte grond in tuislande moet ontwikkel word. Dit is waar van die beste gronde met die hoogste potensiaal is
4. Uitvoere na BRICS lande onder die BRICS ooreenkoms, skeep nuwe markte
5. Afrika en ander lande moet die waarde van landbou begin her-besef

Boere sal egter na die volgende fasette van hulle besighede moet kyk, aangesien dit die basis vorm van 'n ekonomiese volhoubare landbou eenheid:

1. Grondbestuur
2. Waterbestuur
3. Omgewingsbestuur
4. Natuurlike boerderypraktyke
5. Kwaliteitsbestuur
6. Effektiewe benutting van arbeid en opleiding
7. Bemaking
8. Winsgewendheid
9. Waardetoevoeging
10. Produktiwiteit

Daarom hou ek vandag aan u voor wat ék sien as die toekoms en oorlewing van landbou in Suid-Afrika - my toekomsvisie vir die boere van hierdie organisasie.

Dit gaan egter 'n kopskuif verg van al ons boere en ek vertrou dat dit indringend bespreek sal word tydens ons beplanningsessie môre.

Ek het verlede jaar aan u voorgehou die plan vir 'n nuwe landbou revolusie wat aan die Dept. van Landbou voorgehou is. Nodeloos om te sê, het daar niks van gekom nie. Ons moet aanvaar dat die Regering niks vir ons gaan doen nie. Ons moet self die hand aan die ploeg slaan.

Voor die TLU SA gebou in Silverton staan die beeldhouwerk van Danie de Jager wat in 1970 opgerig is en onthul is tydens die inwyding van dié gebou. Dié beeld simboliseer die volgende: die driehoek-vorm simboliseer 'n voorstelling van kragtige eenheid. Die onderskeie figure verteenwoordig saaiboere, veeboere en so meer. Saam word 'n kragtige eenheid gevorm wat dinamies vorentoe beweeg, wat vir die laaste 116 jaar 'n kenmerk van TLU SA is.

Wat ek glo TLU SA moet doen en waarmee reeds begin is, is:

1. Ons moet die ANC-regering tot verantwoording roep vir die verliese wat boere ly a.g.v. die swak kwaliteit van ons waterhulpbronne. TLU SA is reeds ver gevorderd met ondersoek en wag tans 'n regsmenting af om die probleem van waterbesoedeling aan te spreek. Dit is 'n enorme probleem wat die potensiaal het om landbou te vernietig. TLU SA sal geen steen onaangeroer laat om hierdie saak te dryf ten einde hierdie probleem opgelos te kry nie;
2. Ons moet die probleem van ekonomie van skaal oorkom deur 'n model van samewerking daar te stel sodat die meerderheid van ons boere kan oorleef;
3. Ons moet weer die ou beproefde Koöperasie model ondersoek as 'n moontlikheid om die koste knyp tang te troef en kollektief te beding vir beter pryse vir insetverskaffers, maar ook vir ons produkte;
4. Ons moet nie aanvaar dat ons prysnemers is nie. Ons moet die geleentheid aangryp wat daar is vir uitvoere en in die plaaslike mark moet ons betrokke raak by die totale waardeketting. Ons moet ons produk van die plaas tot op die tafel van die verbruiker plaas;
5. Ons moet die mark so ontwikkel dat ons die produk direk lewer daar waar die mark is en sodoende die voordeel van die wins in die boer se sak te kry. Inisiatiewe soos bv. die hoogs suksesvolle Pretoria Boeremark, kan 'n geweldige positiewe rol hierin speel. Hierdie konsep moet op ander plekke ondersoek word en waar moontlik in werking gestel word;
6. Opleiding van ons mense kapitaal is uiters belangrik. Dis aangenaam om te kan aankondig dat hierdie opleidingsprojek reeds afgeskop het en dat die eerste kurrikulums uitgewerk is;
7. Uiteraard sal ons die Regering se grondgryp planne nougeset volg en daarteen optree soos nodig. Ek moet egter net 'n oomblik stilstaan by hierdie punt. Eiendomsreg in Suid-Afrika is in gedrang. Landbou is die eerste loopgraaf. Sou ons nie die ANC se aanslag daar stop nie, gaan dit alle eiendomsreg van enige Suid-Afrikaner in gedrang bring. Ons het reeds met rolspelers gepraat om ondersteuning te kry vir ons aanslag.
8. Ons is reeds betrokke by die reëlings van 'n Internasionale konferensie oor volhoubare landbou praktyke en die gebruik van EM as basis. Die konferensie vind plaas op 25 en 26 Maart 2014. Daar sal verskeie internasionale sprekers optree wat sal fokus op landbou, water en die rehabilitasie van mynbou gronde. Ek vertrou dat die water hiasint projek dan ook so gevorderd het dat ons die resultate aan die wêreld kan bekend stel.
9. TLU SA is besig met verskeie ander projekte. Daarvoor word geld benodig terwyl dit ook beleggingsmoontlikhede bied waaruit moontlik aanloklike opbrengste verkry kan word. Hiervoor doen TLU SA 'n beroep op die buiteland, soos ook vandag verteenwoordig is deur verskeie ambassades, om met ons kontak te maak oor hierdie projekte. Dit gee dan ook vir daardie instansies en regerings die versekering dat hulle bydraes reg bestuur sal word, nie opgebruik sal word deur moontlik korrupte tussengangers nie en ten volle in belang van landbou en voedselsekerheid aangewend sal word.

Dit is my visie vir hierdie organisasie en sy lede en ek vertrou dat u daarin sal deel en ook u deel sal bring. As ons saamwerk sal ons dit regkry.

Daar word baie gepraat oor die beeld van die boer in Suid Afrika. Elke persoon wat iets van alles weet lewer kommentaar, gewoonlik negatief en het 'n horde kommentare en voorstelle oor hoe ons

die beeld van ons boere kan verbeter. Ek stel dit onomwonde vandag dat daar niks verkeerd is met die beeld van die boer nie. Daar is egter iets verkeerd met die beeld van die boer soos voorgehou deur die ANC Regering en ander sogenaamde kundiges. Hulle kraak ons af met hulle monde en mae vol kos.

Ons moet daarom vir Suid-Afrika laat verstaan dat hy van die landbouer afhanklik is en daarom het ons met 'n projek begin wat dié boodskap sal oordra. Ons wil graag die borde by elke dorp en stad aanbring, om inwoners van Suid-Afrika elke dag daaraan te herinner dat die boer en sy werker elke dag hard werk om te sorg dat daar kos en in besonder gesonde kos, op die tafel is.

Ek sal graag wil sien dat ons, gesamentlik as individue en as organisasie, die volgende beginsels moet aanvaar en uitleef:

1. Daar bestaan nie iets soos “kan nie”, net iets soos “wil nie”;
2. As ek wil wen, moet ek aan die wedloop deelneem;
3. Gryp elke geleentheid, want 'n tweede kans mag hom dalk nooit weer voordoem nie.

Daarom is dit belangrik dat u ook u verantwoordelikheid teenoor u organisasie nakom. Wees deel daarvan, gee u insette, kom u verantwoordelikheid na. Veral tydens môre se sessie sal ons indringend in dié verband kyk na ons struktuur, ons lede, die effektiwiteit van ons funksionering as struktuur, die beeld van TLU SA en landbou in die algemeen en ook finansies. Dit is belangrik dat elkeen sy deel moet bring om die organisasie die middele te gee waarmee hy sy visie en doelwitte kan uitvoer.

TLU SA is 'n vuurslag vir Landbou

Die TLU SA embleem verteenwoordig die vlam van onbevange vernuwing en van toonaangewende leierskap by die bedinging van die landbou se regwaardige plek in Suid-Afrika.

Die embleem simboliseer ook die smee van 'n nuwe toekoms vir die SA boer, deur die dinamiese onderhandeling, die verspreiding van kennis en die strategiese betrokkenheid by die landbou gemeenskap. Vir 116 jaar is TLU SA fakkeldraer vir die boer se saak. Ons sal ook in die toekoms ons saak onbevange bly stel, selfs met nog meer vuur en vlam.

Ek sluit af:

Kom ons almal slaan ons hand aan die ploeg. Ons sal nie omkyk nie, net vorentoe en na Bo. Dit is waar al ons hulp uiteindelik vandaan kom.